

Nomades Voetslaan klub

Nuusbrief September 2013a.

Goeiedag alle Nomade stappers. Hiermee deel A van die September nuusbrief, met lekkerlees terugvoer oor Wag-'n-Bietjie staproete.

Wag 'n Bietjie Staproete : 23-25 Augustus 2013.

Twaalf persone het bespreek, maar net 9 kon saamgestap het, die ander 3 het ongelukkig nie wel gevoel nie. Marius, Norma, Phrina; Wilna; Erika, Susann, Paul; JS en Kobie was daar. Almal het Vrydag middag aangekom by die staproete, na die die sowat 15Km teerpad uit Bela-Bela(Warmbad) en seker so 5Km redelike erge sinkplaat grondpad aangedurf is.



Die laaste 1.8Km grondplad op die plaas na die basiskamp was baie beter as die 'hoofpad'. Aangekom by die 4 houthuisies. Die Basiskamp. So 6 dubbelbeddens in elk met die gebruikelike dun matrassies en 'n elektriese lig in elke kamer wat gehelp het. Ons het eers by James, die plaasman verneem ons kan al 4 huisies beset en het lekker uitgesprei en uitgepak. Later daag toe nog 3 persone op wat die oornagroete na die Fonteienskamp die volgende dag sal stap. Hulle betrek toe een huisie en drie van ons moet toe maar oortrek in die ander huisies in. Steeds dus redelik ruim. 18 beddens in 3 kamers vir 9 mense. Daar is een lekker groot lapa met 3 braaiplekke en roosters en plek vir 'n kampvuur en dan 2de kleiner lapa. Die kombuisiehoekie bestaan uit 'n wasbak waarvan die kraankop heeldyd afval, maar met lekker warm geyser water, 'n 2-Plaatgasstofie(wat baie lekker werk) en so 'n meter werk/pak spasie. In 'n ander hoekie is 'n elektriese yskas. Die 2de yskas het nie gewerk nie. Dan onder dieselfde dak is 3 storte en 3 privaat Spoel-



sitplekkies.

Op dieselfde terein is ook 'n paar steengeboude huisies en 'n iglo wat ook gehuur kan word met meer luukse fasiliteite. En dan die sement-swembad-dam. Twee van ons was braaf/dom? genoeg om Sondagmiddag na die stap die dam se water aan te durf vir 'n kort tydjie. Lekker verfrissend.

Vrydag aan baie lekker gebraa en 'n lekker verrassing was toe JS vir ons roosterkoek met Spar se deeg al die pad van Warmbad af maak. Heerlik. Hy het dit duidelik al gedoen. Net reg gaar.

Weereens intresant gewes om die verskillende mense se koskeuses te beskou. Van Paul se gevriesde hoender sosaties tot iemand se patat wat later heeltemal verkool is onder die kampvuur. Die meeste vleis en knoffelbrode het darm heel lekker uitgekom. Ons spreek af om Saterdag oggend so 8:00 te begin stap. Die inligtingsstuk wat ons ontvang het van Anvie



dui aan dag een is so 10Km en dag 2 sowat 4Km.

Ons besluit dit is heeltemal te kort op hierdie redelike maklike terein en besluit saam om die 'oornag roete' – Groen te loop die Saterdag, dus so 14Km. Agter die lapa begin, op met 'n lekker koppie, verby die Radio-torings en dan in die intresante klip-woud oftewel Bobejaanskrans deur. Met die intresantste formasies ronde klippe wat in 'n klei/sandsteen vasgevang is. Onder en bo-oor en anderkant uit. Phrina se hoed neem 'n sweeftog die kranse af en land halfpad. Met behulp van klippe gooi en stapstokke aanmekaarlas met hoede se toutjies, kon



ons die die hoed darm red van 'n eensame lewe op 'n rotslysie. Uit die klipwoud uit, (tot hier was die roete nog baie goed gemerk met sy groen voetjies op plaatjies teen die bome) het ons seker een merker gemis, en op 'n ander pad beland. Maar met Wilna se kennis van die roete van 'n vorige keer was ons nie bang nie en het kortpad geloop na 'n punt by die 'kerk' waar sy weet ons die roete weer sal kry. Lekker gerus agter die kerk terwyl ons gewag het dat Erika haar waterbottel uit 'n druppende kraan(al was hy oop) volgemaak het. Nou is ons weer op die regte spore. Paul neem hier die kortpad met die motorpad terug na die kamp. Ons stap voort, verby die luukse opgeslaande permanente tent, op 'n klein bultjie, agter af, en dan die 'Wonderboom'. 'n Lekkerbreek(no. 483) wat groei uit 'n Wildesering(197). Oor Poko se brug, en dan 'n lekker afwisseling al lang die rivier af, met die grondpad net anderkant die draad. Terug oor die rivier by Poko se wal en dan 'n kort entjie na die fontein kamp. Daar kry ons dan ook die nuwe eienaar van die plaas se seun, Ons hoop die roete gaan voort onder nuwe bestuur. By die Fonteinokamp is 3 kleiner houthuisies, warmwater per donkie en 'n eenvoudiger badkamer met een stort, wasbak en toilet in dieselfde 2x2meter spasie. 'n paar meter van die kamp af is die Fontein op die plaas, waar mens die water kan sien uitborrel uit die grond. Dan weer opsaal, en die laaste entjie terugloop. Die kaart sê nog 4 Km om te doen, 10 klaar gedoen. Verby die dam, naby die tent-kamp weer verby. Verby 'n klein ruine, op met 'n klein koppie en dan af na ons basiskamp waar ons agter die dam uitkom. 'n Baie lekker stap, maar volgens aanduidings(so tussen Wilna se Pedometer en my GPS) net tussen 7 en 8.5Km Totaal. Nie 14Km nie. Drie van die stappers was toe hulle so rondom 13:30 by die kamp kom nog nie moeg-genoeg nie en het toe sommer weer, darm kortpad hierdie keer, gestap na die fontein en sommer net so 2 ure daar gaan lê en wees. Die natuur, wind en stilte ingedrink, so 17:30 terug by die kamp gewees die 2de keer. Saterdaggaand weer gebrui, weer met JS se lekker roosterkoeke.



Sondag oggend het ons die 'langer' dagstap, die rooi roete gestap. Wat ook 10Km moes wees. In werklikheid net 4.3km. Maar tog mooi en so helfde van die roete is op paadjies wat ons nie die vorige dag gestap het nie. 'n Lekker naby stap met heel goeie fasiliteite.

Die Roetes is baie goed gemerk, behalwe op die een plek, maar die kaart en gegewe afstande is maar baie swak. Sien aangehegde roetekaart soos die werklik gebeur het.



Baie sterkte aan die 12 Tsitsikama stappers wat later in September die langpad vat. Veilig ry en hoop nie rivier kruisings is te erg nie. Moet nie wegspoel nie asb.

September nuusbrief B sal later volg met terugvoer oor Prospekteers en info oor die oorblywende stappe vir 2013.

Marius Stander
Nomades Voetslaanklub.